

Druppels

Waterval- Gemeente

April 2022



DANKIE, DAARVOOR

Met bloedbevlekte hoof

Strompel U aan met sware kruis

Want dit het U aan ons beloop

Dat U vir elkeen se sondes

Op die berg Golgota sou sterf

Splinters en spykers deurboor U hande

Hout skaaf skouers flenters

En lê ook daar U bloed aan bande

herhaalde kere weer en weer

Val U pyndeurtrek op aarde neer

Maar tree vir tree is U nou op pad

Om U kosbare lewe vir ons te gee

Dit doen U Jesus sonder enige vrees

Sodat dit alles volbring kan word

En ek kan lewe met die Heilige Gees

U het vir ons sondes peperduur betaal

En al wat U van ons as sondaars vermaan

Is om te Glo in U heilige Woord en Naam

Alle dinge van staan en vals te verg

Sodat ons eendag deur U poort sal gaan



Afkondigings

Silwerjare funksie

**9 April '22
10h00**

Waternal kerksaal



**OPSTANDINGS
SONDAG**

**17 April 2022
8:30**

**Hy het
opgestaan!**

Stories van Hoop



**15 April 2022
8:30**
**GOEIE
VRYDAG**



Geelbladsye



VUURSPEL HOUT

Hout te koop

Sekelbos - Klein sak @R20
Black Wattle - Groot sak @R80
Klein sak @R20
Kontak Thys du Preez - 073 166 7465

B&H Draughting Services.

Vir alle "AD-HOC" Staal Struktuur en Meganiese teken in 2D en 3D
Dan doen ek ook ligte staal werk van die huis af:

Herstelwerk en bou van hekke, heinings, diefwerings ens.

Kontak: Bennie Badenhorst

084 3601253

E-pos. bhdraughting@gmail.com



Tuisgemaakte konfyt

@R40

Willie 082 680 1473



**Eiers beskikbaar
Hilda 074 408 0392**

Psalm 23 vir ouers

Die Here is my herder

Hy sien om na my. Ek is 'n ouer, en Hy lei my op hierdie reis. Ek is nie perfek nie, maar hy rus my toe. Hy maak my bekwaam deur sy Heilige Gees. Hy gee my selfvertroue sodat ek op Hom kan vertrou. Al wat ek moet doen, is om gewillig te wees om te volg.

Ek kom niks kort nie

Hy voorsien in my behoeftes. Nie ek of my kinders het nóg besittings nodig nie. My idees oor genoeg en oor tevredenheid het verander omdat ek Hom ken. Ek kom nie vaardighede óf kundigheid kort nie. Ek is die beste ouer vir my kinders. Ek is spesiaal vir hulle gekies. En as ek aanhou groei in die geloof, sal ek altyd die beste bly. Hy maak my 'n waardige ma.

Hy laat my rus in groen weivelde

As ek oorweldig voel, as dit voel asof ek myself in ouerskap verloor het, gee Hy my weer 'n gesonde perspektief. Hy hou my siel gesond. Hy weet waarheen ons op pad is, al voel dit asof ons in die woestyn rond dwaal.

Hy bring my by waters waar daar vrede is

As my gedagtes in 'n warboel bly, as my doenlyisie nie korter word nie, herinner Hy my aan dit wat ek wel vandag uitgerig het. As ek te klein voel, herinner Hy my daaraan dat ek geliefd is. Hy gee my die gemoedsrus en vrede wat alle verstand te bowe gaan. Daardie innerlike vrede wat nie afhanklik van my omstandighede is nie.

Hy gee my nuwe krag

As die wasgoed of skottelgoed gewas moet word en die kos gaar moet kom; as ek moeg is omdat die aande lank en moeilik is; as ek die kinders van die een buitemuurse aktiwiteit na die volgende moet neem; as ek saam met hulle deur tuiswerk en toetsreekse worstel; as hulle siek is of met hul emosies sukkel – dan gee Hy my die krag wat ek nodig het.

Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam

Hy kom soek my as ek afgedwaal het, Hy help my om elke dag 'n beter ma en 'n beter weergawe van myself te wees. Ten spyte van al die vrese wat ek oor my kinders se toekoms het, kan ek hulle aan Hom toevertrou met die wete dat ons vir sý doel met ons geskape is.

Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my

As ons met dood of siekte gekonfronteer word, sal ons nie vrees ken nie. As ek of my kinders met die lewe sukkel, of as die lewe se storms ons tref, kan ek weet Hy hou ons in sy hand. Vrees het nie 'n houvas op ons gesin nie. As my kinders pyn ervaar en ek dit nie kan wegneem nie, vertrou ek dat Hy by hulle is. Dat Hy hulle vashou.

In u hande is ek veilig

Hy beskerm ons teen alle bedreigings en teen elke vrees wat ons koester: finansiële onsekerheid, emosionele onstuimigheid. Sy beskerming is oral om ons.

U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet toekyk. U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid

Ek is altyd tuis by Hom. Hy is my huis. Ek en my gesin ontvang seëninge uit sy hand wat vir ander mense moeilik is om te verstaan. Ons leef daarvan. Hy dra ons op sy hande.

U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly, en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae

Hy maak ons plek gereed in die huis met die baie blyplek. Ongeag wat ek doen of sê, daar sal altyd plek wees vir my. Ek verdien dit nie, ek is ook maar 'n wegloopkind. Maar daar is niks wat sal maak dat Hy die deur in my gesig sal toeklap nie. Sy goedheid is onbegryplik. Dit oorweldig my.





Bennie Badenhorst; Thys du Preez; Piet du Preez; Wesley & Keanen Lottering en Janneman Jacobs met al sy manne.

Waterval wil graag baie dankie sê vir al die manne wat gehelp het met die verbeteringe by die kerk.

Julle werk word waardeer!!


Dit lyk pragtig.

Gemeentemans

Kinders

Paasfees Skattejag

Soek telkens die items en merk dit af soos jy dit vind.



1. Palmsondag

Jesus het op 'n donkie gery en mense het palmtakke geswaai en Hom gelooft.
Vind 'n takkie of blaar.



2. Die laaste ete

Jesus het die nagmaal ingestel met brood en wyn. Hy het ook die dissipels se voete gewas.
Tel hoeveel voete/skoene jy kan sien.



3. Getsemane

Jesus het deur die nag in die tuin gebid.
Vind 'n stil plekkie en bid vir mekaar.




4. Petrus verloën Jesus

Toe Petrus 3x Jesus verloën het, het die haan 3x gekraai.



Vind 'n veertjie of kyk of jy 'n voëltyjie sien of hoor.



Gesels saam

* Waarvoor wil jy Jesus vandag loof?
* Hoekom moes Jesus sterf?
* Hoekom het Jesus opgestaan uit die dood?
* Met wie kan jy hierdie storie deel?

???


5. Jesus se verhoor

Vind 'n stokkie en trek strepe in die sand / op die grond.



6. Jesus word gekruisig

Vind iets wat die vorm van 'n kruis het.



7. Jesus se opstanding

Vind 'n klippie, want Jesus se graf is leeg, die klip is weggerol.



8. Jesus verskyn aan die vroue en dissipels

Vind 'n paaseier of 'n blom wat wys op nuwe lewe.



9. Jesus se verhaal verander lewens

Jesus het ook vir jou gesterf en opgestaan en Hy kies jou as sy dissipel.

Maak 'n kruis op mekaar se hande en sê die woorde: Jesus het jou lief.

Gemeente Kontakbesonderhede
Posbus 442, Bergbron, 1712
Hv Longweg en 11de str, Newlands
Kerkkantoor 011 4778534
waterval@absamail.co.za



Diens: Sondag 08.30
Gebedsgroep: Woensdag 10.00

BANKBESONDERHEDE

ABSA ,
Waterval Gemeente NPC
Rek nr: 4099924637

<u>Musiekbediening</u>	Pieter Kruger	083 443 7694
<u>Jeugbediening</u>	Renaldo de Buys	072 920 5896
<u>Besige Bye</u>	Ralie van Heerden	083 788 2317
<u>Diens van Barmhartigheid</u>		
	Thys du Preez	073 166 7465
<u>Druppels Maandblad</u>	Ds Willie	082 680 1473

GEBEDSBEDIENING

Ons het 'n gebedsgroep op Woensdae om 10:00 te
Gordonweg 104, Bergbron.
Almal welkom

WHATSAPP GEBEDSGROEP

Daar is 'n Waterval-gebedsgroep op whatsapp.
Indien jy belangstel om deel van hierdie groep te word,
kontak die kerkkantoor.

<https://pos.snapscan.io/qr/ljZBYsik>

Indien jy hulp nodig het, Kontak
Hannelie du Preez by die kerkkantoor




Snap here to pay

SnapScan



Al die dienste is beskikbaar op You Tube:
Waterval Gemeente

Kom kuier saam op facebook.
by Waterval Gemeente
en sien gemeente nuus
soos dit gebeur



April spens projek

**Ons wil graag die gemeente se
spens, waarmee ons brhoeftiges
help, aanvul. Bring asb nie
bederfbare produkte na die
kerkkantoor.**

SONDAG	MAAN	DINS	WOENS	DOND	VRYDAG	SATERD
					1	2
3	4 Zelna Ferreira Bennie Badenhorst Alma Bessinger	5 Zander de Buys	6	7	8	9 Silwerjare funksie
10	11	12	13 Anton Crouse	14 Koos Dippenaar	15 Chantelle Challens Goeie Vrydag diens (Nagmaal) 	16 Bokkie Harmse
17 Opstandings Sondag 	18	19 Petro Jonker	20	21 Reinhardt Rall	22 Ben Jonker Annelise Clark	23
24 Susan Erasmus	25 Jannie Jacobs	26	27 Leilani Leipoldt	28	29	30